In elkeen die gesindheid van Jesus Christus - Fil. 2 . 5

NEDERDUITS GEREFORMEERDE KERK NAHOON - OOS LONDEN

Tel & Fax: (043) - 7483111

Posbus 2551
Beaconbaai
5205

karin@ngnahoon@.co.za

LERAAR:

Ds Riaan van der Mescht

Elfweg 12
Beaconbaai
5241
(043) - 748 2136
of
082 5775 232
e-pos:
riaan@ngnahoon.co.za

25 Oktober 2007

Die Skriba
NGK Oos-Kaapland

I/S: TERUGVOER: KERKHERENIGING

Ons wil u graag inlig rakende ons kerkraad en gemeente se besluit oor die vrae wat ons moes bespreek. Sedert 1995 het ons by verskeie geleenthede vrae beantwoord en vraelyste ingevul rakende kerkhereniging. Hierdie kerkraad en gemeente het nog elke keer dieselfde standpunt gehuldig.

Ons is nie ten gunste van kerkhereniging nie, omdat ons glo dat Johannes 17 en Efe.4 nie so op die strukturele eenheid dui as wat dit op eenheid in belydenis dui nie. Ons glo dat taal en kultuur deel vorm van ons uitlewing van ons geloof. Verder voel ons nie dat hierdie keuse uit sonde gebore is of uit rassisme of uit liefdeloosheid gemaak is nie, inteendeel woon anderkleuriges baie gereeld ons eredienste by omdat hulle hier tuis voel.

Ons kies om die Ned. Geref. Kerk te bly met die belydenisskrifte en strukture soos dit tans funksioneer. Ons sal altyd ons missionelekarakter uitleef en voortgaan om een te wees met elke kerk wat glo soos wat ons geloof in die belydenisskrifte uitgedruk word.

Seënwense.

Ds. Riaan van der Mescht
Nms Lidmate en kerkraad van N.G. Nahoon